

Woensdag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 5:1-7

Fokusgedeelte: Eksodus 20:2;
Heidelbergse Kategismus 34:92

Die Tien Gebooie as verbondseise

God het die Tien Gebooie met sy eie vinger neergeskryf (Eks. 31:18). Hierdie gebooie is van fundamentele betekenis vir elke volk en elke persoon in die wêreld. Dit is egter van die grootste belang dat die gebooie met die regte gesindheid gehoorsaam moet word. As dit ontbreek, kan dit daartoe lei dat die gebooie geminag word, omdat God se stem nie daarin gehoor word nie, of dat van die gebooie self 'n afgod gemaak word, soos die Fari-seërs gedoen het – en dan word God ook nie deur die gehoorsaamheid daaraan gedien nie. Daarom moet die gebooie gesien word soos God dit bedoel, naamlik as sy verbonds-eise aan die mense.

'n Verbond is 'n *ooreenkoms* of *kontrak* tussen minstens twee persone of partye. In so 'n verbond of ooreenkoms verbind die twee partye hulle deur *beloftes* en *eise* aan mekaar. As mense onder mekaar 'n verbond sluit, het ons met gelyke partye te doen. As God egter met die mens 'n verbond sluit, is dit anders, want God is ver bo die mens verhewe. Daar-om bepaal God sowel die beloftes as die eise van die verbond. Hy belowe wat Hy vir die mens sal doen, maar Hy stel ook die eise waaraan die mens moet voldoen, en bepaal die straf as die mens nie aan die eise voldoen nie.

Adam het die verbond verbreek toe hy van die verbode vrugte geëet het (Gen. 3:6). Hoewel dit nou vir die mens onmoontlik geword het om deur sy werke die ewige saligheid te verkry en so te deel in die belofte wat God gegee het, het die eis van volmaakte gehoor-saamheid aan God se gebooie nie verval nie. As die mens die saligheid wil beërwe, moet hy ten volle aan die eis van God voldoen. Maar omdat die mens nie kan nie, het Christus uit liefde vir ons aan die eis voldoen en die straf op ons ongehoorsaamheid aan God se eis gedra sodat ons deur Hom die ewige lewe kan verkry. God eis egter nou van ons om te glo dat ons deur Christus verlos is, om ons tot Hom te bekeer en om uit dankbaarheid vir sy genade volgens sy gebooie te lewe.

Teen hierdie agtergrond moet ons God se aankondiging aan die begin van die Tien Gebooie sien. As God sê: “Ek is die HERE, jou God ...” gebruik Hy vir HERE die Naam *Jahweh*. Dit dui Hom aan as die Verbondsgod wat met sy volk 'n verbond gesluit het. Hy het belooft om hulle God te wees. Die belofte het Hy vervul deur Israel se verlossing uit Egipte en op 'n baie grootser wyse deur sy volk se verlossing van sonde deur Christus. God eis egter van ons om ons kant van die verbond na te kom en sy gebooie, in die besonder die Tien Gebooie, te gehoorsaam. So het Hy van die gebooie verbondseise ge-maak waaraan ons uit dankbaarheid vir ons verlossing van sondes deur Hom gehoorsaam *moet* wees.